# Komkomper - Memo

**Poësie – Graad 7 Eerste Addisionele Taal:**

Pas die korrekte verklarings in kolom B by die mees geskikste terminologie in kolom A. Trek 'n lyn van die een na die ander.

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| 1 | herhaling | A | Die gebruik van woorde om klanke te herhaal |
| 2 | vrye vers | B | Die herhaling van die konsonant klank |
| 3 | alliterasie | C | Wanneer woorde of frases herhaal word |
| 4 | onamatopee | D | Daar word geen leestekens gebruik nie |

Lees die gedig vinnig deur. Skryf die woorde wat jy nie verstaan nie in die kolom neer.

| Woorde uit die gedig | Eie woorde uit die gedig |
|---|---|
| gehipnotiseer | |
| kwaliteit | |
| skootrekenaar | |
| vooruitgang | |

Lees die onderste gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Komkomper** woordspeling/neologisme

1. 'n rekenaar is 'n vreemde ding
2. dit sluk mense vir dae aaneen in

3. die skerm maak onheilspellende patrone — taalgebruik
4. op hul bekommerde gesigte

5. maak hul rûe krommer en krommer — herhaling
6. totdat hulle oplaas heeltemal

7. gehipnotiseer hulfself afsluit en — taalgebruik/herhaling
8. slegs nog met 'n lui hand klik klik-klik

9. die klein skootrekenaars is die ergste — alliterasie
10. my pa sê dis werk en dra

11. dit saam na koffiewinkels, krieketwedstryde
12. op ons eetkamertafel het dit 'n ereplek

13. hy sê die volgende jaar kry ek ook een
14. ek sê ek sou 'n vlieër verkies — taalgebruik/toon

15. tegnologie, my kind, sê hy dan — parentese
16. en gebruik woorde soos voortuitgang en kommunikasie

17. sonder om sy oë van die skerm af te neem,
18. maar ek, ek hou dinge fyn dop — toon

19. wanneer niemand kyk nie gaan
20. ek en my pa se werk bietjie kwaliteittyd saam spandeer — taalgebruik

21. ek het gehoor labtops is mal oor swem. — taalgebruik/sarkasme

*Eckhard Cloete: Uit: Vonk@verse. Best books.2011 (Piekfyn Afrikaans graad 7)*

1. Verduidelik die woordspeling in die opskrif.
   'n Komper is 'n ander woord vir 'n rekenaar. Dit klik soos komkommer, wat 'n groente is. Dit sinspeel op so koel soos 'n komkommer.
2. Wat noem ons 'n gedig wat geen punktuasie het nie?
   'n Vrye vers
3. Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
   'n Rekenaar is 'n (goeie/slegte) ding volgens die kind.
4. Noem twee (2) plekke waarheen die pa sy rekenaar neem.
   Koffiewinkel en krieketwedstryde
   4.1 Dink jy sulke gedrag is aanvaarbaar? Verduidelik jou antwoord in twee sinne. Ja/Nee. Moet twee volledige sinne wees.
5. Haal een woord uit die gedig aan waar die digter onomatopee gebruik.
   klik klik-klik
6. Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi.
   Skryf slegs die korrekte letter (A-E) en die vraagnommer (6) neer.
   *"Ek het gehoor labtops is mal oor swem"* is 'n goeie voorbeeld van…
   A. ironie
   B. sarkasme
   C. feite
   D. opinie
7. Watter frase in die teks dui daarop dat die skootrekenaar ook aan tafel is tydens etes.
   'op ons eetkamertafel het dit 'n ereplek'
8. Voorsien die onderstreepte woord van 'n sinoniem.
   "ek het gehoor labtops is mal oor swem."
   Lief/hou van/geniet (enige redelike antwoord wat in konteks sal pas).
9. Verduidelik kortliks jou opinie oor die gebruik van rekenaars by die huis.
   Ten minste 2 volledige sinne. Leerder moet toon dat hy/sy 'n opinie het.
10. Hoe sou jy voel as jou rekenaar/foon in die swembad beland?
    Leerder moet 'n emosionele reaksie op die vraag hê.